**PUKKE!**
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(EDMS.) BPK.
Tel. 3612
POTCHEFSTROOM
Tak: Tomstraat 90c

# die WAPAD

*Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*

*In U lig sien ons die lig.*

POSTMA BIBLIOTEEK

J. Heidema
FIETSE, HORLOSIES
Kerkstraat 48

JAARGANG XXIV — VRYDAG 25 APRIL 1969 — NR. 6

# Haastige kruiwaens, Pukkies en baie geld

**DIE VERKOOP van Die Pukkie is Vrydagaand grootliks gevier met 'n massa-intertee op die kampus en die Pukke het 'n voorsmakie van die karnavalgees getoon toe hulle Vrydagmiddag 'n kruiwaresies in die hoofstraat gehou het.**

Om vyfuur Vrydagmiddag het 'n massa Pukke voor 'n groot afdelingswinkel in die dorp bymekaargekom. Spanne van verskillende manskoshuise het daarvandaan met hulle kruiwaens weggespring tot by die Stadsaal, waar die resies geëindig het met Drakenstein aan die voortou.

By die Stadsaal is Die Pukkie amptelik oorhandig aan Raadslid H. L. Swanepoel van die Potchefstroomse Stadsraad. Die voormalige burgemeester van Tarentaal, Louis Vorster, is aan die woord gestel vir die oorhandiging van die groen Nood-trofee aan die wenspan van Drakenstein. Die Dorp en Uitspan was onderskeidelik tweede en derde.

Vrydagaand is singsongs in die Totiussaal gehou, waar Koos Kruger ook tot nuwe burgemeester van Tarentaal verkies is. Raadslede van die verskillende portefeuljes is onbestrede verkies, soos Aalwyn Kruger (Bingo) as raadslid vir die versoling van stembande en Christo Piek as raadslid vir oujongnooiens en ander openbare steurnisse.

Johan van Rensburg en sy orkes het weer eens spontane applous van die Pukke ontvang.

Later die aand het die massa op die kampus gaan tee drink. Altesaam 1200 oliebolle is deur die A.O.B. voorsien!

Die Pukkie-verkope het tot dusver baie goed verloop, en die reaksie van die mense was baie gunstig, behalwe in Johannesburg en Pretoria.

Maandagmiddag was alreeds ongeveer R4300 ingesamel, en die redaksie verwag om nog sowat R4000 te ontvang, het die sekretaris-penningmeester, Lourens du Plessis, gesê.

Hoewel daar nog geleentheid is tot 31 Mei om geld in te betaal, rig die redaksie 'n versoek tot almal wat nog geld skuld, om dit so gou moontlik in te betaal, aangesien die onkoste van R6600 gedelg moet word.

# *Trotse trofee-wenner*



*Glimlaggend neem die leier van die wenspan Drakenstein die gesogte Hans-Grobler Nood-trofee in ontvangs van die burgemeester van Tarentaal, mnr. Louis Vorster.*

# Storm oor akademiese vryheid

## Engelse en oorsese koerante blaas dit op

**SWAAIENDE PROTESPLAKKATE, krete van „akademiese vryheid" en „open our universities", 'n sukkelende vryheidsfakkel, anti-lesings en hier en daar 'n vrot eier — só het studente van die Universiteit van die Witwatersrand en hulle vriende by die Universiteit van Kaapstad die tiende jaar van die „sluiting" van Suid-Afrikaanse universiteite vir nie-blanke studente „gevier".**

**Die storm is verby en die stof het reeds gaan lê. Wat lewer 'n post-mortem-ondersoek op?**

Studente aan die Witwatersrandse Universiteit wou protesteer. Nadat hulle op daardie stadium reeds 120 uur lank geprotesteer het, het Witsstudente op Sondag 13 April 'n tydjie afgeknyp om 'n namiddagdiens by te woon. Nagenoeg tagtig studente was teenwoordig by 'n inter-kerklike „pray-in" wat op die grasperke langs Jan Smutsrylaan gehou is. Die diens is waargeneem deur drie Engelse predikante en het die sing van „folk"-liedjies ingesluit. Tydens die diens het studente plakkate omhoog gehou en die spreuke daarop hardop voorgelees. Ander studente het gedeeltes uit die Bybel voorgelees. Verskeie motoriste sou ook tydens die diens gestop het om 'n petisie te onderteken waarop 'n beroep gedoen is op die Staatspresident om weer die Engelstalige universiteite oop te stel vir gekwalifiseerde studente uit alle rasse.

Só het dit begin.

Intussen berig die Times uit Londen op Dinsdag 15 April, dat die Suid-Afrikaanse regering die studente-optrede vrees. Daarom sou mnr. S. L. Muller, Minister van Polisie en Binnelandse Sake, die waarskuwing gerig het dat studente in Suid-Afrika nie toegelaat sou word om die voorbeeld van studenteprotes in die buiteland te volg nie.

Op dieselfde dag egter nog word op die voorblaaie van sekere Engelse koerante aangekondig dat 19 Witsstudente — 18 blankes en een Indiër — op die Johannesburgse stasie in hegtenis geneem is omdat hulle onwettig advertensiepamflette versprei het op Spoorwegeiendom. Onder die aangehoudenes was mnr. Mark Orkin, voorsitter van Wits se Studenteraad.

Die dag daarná verskyn die 18 studente in die hof. Geen getuienis word gelewer nie en die saak word uitgestel tot 23 April.

Terselfdertyd kondig die Rand Daily Mail op sy voorblad aan dat 'n „handjievol" mans- en damesstudente die vorige aand, terwyl hulle 'n plakkaatbetoging gehou het, aangeval is deur 'n groep van „naastenby" honderd mans. Baie van hierdie mans sou verklaar het dat hulle afkomstig was van die Lugmagopleidingskool te Verwoerdburg naby Pretoria.

Op 17 April kondig „The Star" aan dat die meerderheid van Johannesburg se inwoners, beide Afrikaans- en Engelssprekendes, nie die Witsstudente steun in hulle veldtog vir akademiese vryheid nie. Die koerant het tot hierdie slotsom gekom nadat 'n opname in hierdie verband gemaak is.

En op die aand van 17 April kan Die Vaderland aankondig: „By Wits is dit vanoggend stil. Geen „vryheidsfakkel" op die muur nie; geen mopkop op die sypaadjie; geen help-ons-tog-plakkaat nie; geen eiergooiery om die hoekie nie. Honderde liberales het hulle sin gekry; Die tog so 'n gewaagde publisiteit was daar; in die oë van die wat oë vir hulle wil hê, staan hulle vanmôre as helde in die vryheidstryd. Vir die gewone Johannesburger is hulle ná hierdie week van woelinge net 'n groter bron van irritasie. Mev. Helen Suzman het haar seën oor hulle uitgespreek, prof. Philip Tobias het hand geskud, dr. Zac de Beer het goedgepraat, van oorsee was daar 'n stem of twee, dr. G. R. Bozzoli het hulle gevra om weer terug te gaan na die lesingsale. En Mark Orkin het koers gevat met 'n petisie, wat deur „baie duisende" onderteken is, na die kantoor van die Minister van Nasionale Opvoeding".

En so het Wits betoog.

Fluit-fluit . . .

## Daar he'jy dit




# SIMPOSIUM VIR CHEMICI

**DIE SUID-AFRIKAANSE afdeling van die Chemiese Instituut het verlede Vrydag 'n baie geslaagde simposium in die farmasiegebou gehou met analitiese aspekte van proseskontrole as onderwerp.**

Dr. C. H. B. Lovell, voorsitter van die Instituut, het as voorsitter opgetree en die simposium geopen. Prof. H. C. van Rooy, onder-voorsitter van die Senaat, het die verwelkomingswoord gespreek.

Die sprekers wat opgetree het was mnr. J. H. Gouws van die W.N.N.R. (produksie deur middel van syferrekenaars); dr. A. J. Rossouw van Corner House Laboratories (analitiese metodes in die goudmynbedryf); mnr. K. R. C. Keays van African Explosives and Chemical Industries (aspekte van proseskontrole van anorganiese chemiese produksie); en mnr. E. W. Fowler van die Nasionale Instituut vir Metallurgie (The onsteam analysis for uranium).

Dr. N. Arnold, senior lektor van die departement chemie het gesê die rekenaarsmetode van kontrole is nog iets nuuts en hou veel belofte in. Dit impliseer nie alleen dat kontrole baie meer akkuraat is nie, maar ook dat aanpassing oombliklik en outomaties geskied. Dit is 'n rewolusionêre metode wat groot belangstelling uitlok onder chemici en persone van die ingenieursbedryf.

# JAN PIEREWIET DEUR DIE LAND

**DIE PASAFGELOPE volkspeletoer was 'n reuse sukses. Volkspele op universiteitsvlak is goed bekend gestel.**

Mnr. Joggie Hattingh — hy en mev. Hattingh was toerouers — sê dit is een van die beste metodes om die Universiteit se naam uit te dra aangesien daar op 'n baie persoonlike vlak kontak gemaak word met die skoolkinders wat saam met die studente volkspele gedoen het. Hy meen ook dat dit een van die grootste eeufeesbydraes vir hierdie jaar was.

Ook die P.U.-volkspelelaer het baie daarby gebaat. Die standaard wat gehandhaaf word, is seker een van die hoogste in die land deurdat hulle die dertig mees onbekende en moeilikste speletjies, bo en behalwe al die bekendes wat in die volkspele-bundel verskyn, onder die knie het.

Die toergroep het tien skole in vyf dae besoek, waartydens elke keer 'n demonstrasie van volkspele plaasgevind het.

BULT-APTEEK
ONS SPESIALISEER IN
★ POTTEBAKKERY
★ GESKENKE
★ JUWELE
★ KOPERWARE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 88b & c
Foon 5943, 3377

# Potch Inry

Tel. 5307 of 6345 bedags

VRYDAG 25 en SATERDAG 26 APRIL
EERSTE VERTONING:

**A COUNTESS FROM HONG KONG**
Sophia Loren en Marlon Brando.

TWEEDE VERTONING:

**A GUIDE FOR THE MARRIED MAN**
Walter Matthau en Robert Morse.

MAANDAG 28 en DINSDAG 29 APRIL

**KIM**
Errol Flynn en Dean Stockwell.

WOENSDAG 30 APRIL en DONDERDAG 1 MEI

**A MAN CALLED DAGGER**
Terry Moore, Jan Murray en Sue Langdon.

VRYDAG 2 en SATERDAG 3 MEI
EERSTE VERTONING:

**KIM**

TWEEDE VERTONING:

**A MAN CALLED DAGGER**

# Goue Weste Inry

Tel. 6437

VRYDAG 25 en SATERDAG 26 APRIL
EERSTE VERTONING:

**THE BIG MOUTH**
Jerry Lewis en Susan Bay.

TWEEDE VERTONING:

**THE OSCARS**
Stephen Boyd en Elke Sommer.

MAANDAG 28 en DINSDAG 29 APRIL

**HURRY SUNDOWN**
Michael Caine en Jane Fonda.

WOENSDAG 30 APRIL en DONDERDAG 1 MEI

**BERNADINE**
Pat Boone en Terry Moore.

VRYDAG 2 en SATERDAG 3 MEI
EERSTE VERTONING:

**HURRY SUNDOWN**

TWEEDE VERTONING:

**BERNADINE**

# 20th Century

VRYDAG 25 en SATERDAG 26 APRIL

**THE NAKED RUNNER**
Frank Sinatra.

MAANDAG 28 APRIL

**RAKA**
Suid-Afrika se Eerste Ballet Rolprent.

DINSDAG 29 APRIL

**YOURS, MINE AND OURS**
Filmpremière ten bate van die Karnaval '69.

WOENSDAG 30 APRIL TOT DINSDAG 6 MEI

**FAR FROM THE MADDENING CROWD**
Julie Christie, Alan Bates en Peter Finch.


# DAWIE SMIT VERTEL VAN ANTARKTIKA:

„ELKE jaar tussen kersfees en nuwejaar verlaat ongeveer sestien manne die Republiek om twaalf dae later „voet aan ys' te sit op die mees unieke, dog onbekendste vasteland op die hele aarde — ANTARKTIKA", skryf mnr. Dawie Smit, wat sopas teruggekeer het van Antarktika.

Hierdie afgesonderde kontinent (tien keer groter as die Republiek) onderskei homself daarin dat hy nie alleen een van die grootste vastelande van die aarde is nie, maar verreweg die koudste, stilste, stormagtigste, gesondste en bes moontlik die rykste vasteland ter wêreld.

Suid-Afrika is een van die twaalf verdraglande wat voltydse navorsing in Antarktika doen en beskik oor 'n woonbasis ongeveer 35 voet onder die ysoppervlakte. Die ekspedisie bestaan uit 'n leier, tien navorsers en nog vyf lede wat as ondersteuningspersoneel dien.

Die basis bestaan uit 'n reeks losstaande geboue wat met mekaar verbind word deur middel van 'n lang sneeugang. Jaarliks akkumuleer minstens 5 voet sneeu op die oppervlakte, sodat die basis wat destyds bo die oppervlakte gebou was, nou nie minder nie as 35 voet onder die sneeuoppervlak begrawe lê. Die basis word bereik met behulp van 'n reeks luike, elk van 'n leer voorsien, waarmee spanlede dan na benede kan klim.

Slegs die slaap- en navorsingsgebou word kunsmatig verwarm. Die kombuis, wat ook as ontspanningslokaal dien, ontvang hitte vanaf die dieselstoof, terwyl die dieselhut waar elektriese krag opgewek word, deur die opheffers verwarm word.

## Stadsklerk roep organisasies

DIE kantoor van die Stadsklerk van Potchefstroom doen 'n vriendelike beroep op alle organisasies, groot en klein, om name van organisasies, die adresse van voorsitters en sekretarisse en telefoonnommers telefonies of skriftelik te verstrek aan die Stadsklerk, Posbus 13, Potchefstroom, of telefoon 3351/8.

Die besonderhede sal aan die afdeling Opvoeding Buite Skoolverband van die Departement van Kultuursake gestuur word. Hulle is besig om 'n volledige opname van alle verenigings in Potchefstroom en distrik te maak.

# SPYKERBANKKANTATE

DEUR DRUKSPYKER

JA, is dit nou 'n tyd om met ounuus na julle te kom . . . al twee weke op die Puk en nou eers . . ? Alles kan nog gaan . . . dit is net die geweldige druk van bo, sien my kop het te groot geword . . . toetse!

*Elna Vorster* gaan met 'n lied in haar hartjie deur die lewe — sommer so sing-sing die Pukkies onder haar blad vasgeknyp en laat vat na Pretoria. *Jan Coetzer* sê hy hou daarvan om sy nooientjie so te sien.

Die disselboom klop glo nog baie gelyk tussen *Callie Coetzee* en *Susan van Aswegen*. As sy so aanhou, word sy dalk een van die mooi dae mev. SR-voorsitter.

*Ansie Beukes* sê die karnaval hou vir baie ouens voordele in maar . . . dit hou *Kobus du Plessis* te besig. Hy eet, drink en slaap Karnaval. Maar sy is nie selfsugtig nie — gun die ander ook 'n kans.

Ai, toe ek nou die dag weer so op my rondte van vader Cloete was, vind ek vir *Lynette Coetzee* en *Fantie Loots* nog steeds in mekaar se geselskap — hulle glo nie aan verandering van spyse nie.

*Nic Gey van Pittius* vra eendag so ewe vir *Kiekie van der Bijl* haar kiekie. Nou sit aan haar vinger die onbesonnenheid vir hóm en grynslag — maar hy kan tussen die lyne lees, dit is sy behoud.

*Tilla Maré* en *André* sê hulle hou van die aksentstrepe en nou sit hulle maar aksie daarin.

*Lorna Mynard* en *Soois van Pletzen* sleep al jare. Hoe lyk dit mense, ek soek na 'n eeufees sleep. Waar is vrywilligers? Laat my weet en ek sal u laat weet hoeveel vakante plekke daar is. Ek wil dit graag vol hê na die karnaval, Pukke ek doen 'n beroep — laat ons die vaardigheid toets. Julle hoef nie bevrees te wees vir gatsometers nie.

Ek wonder of *Ana du Preez* en *Okkie Raubenheimer* vir ons kan sê wanneer die gereelde sleep vas word en of dit steeds los bly — gee tog raad dan kan ons ook dalk probeer.

*Neetje Visser* en *Cornel Pretorius* vind ek elke aand — sterre of nie sterre nie — onder die sterre-hemel van die thaba van Thabajäh . . . hulle sê dis lekker.

Ai, dan is daar een ding wat *Elsabe Smuts* ons gerus kan leer aangesien ons nóu wil leer . . . Twintig bladsy-briewe.

Met die nuutste kommunikasiemedia en so 'n gawe omie by Posen telegraafdienste vlieg die liefde met vlieënde vaandels rond tussen Antartika en Potchefstroom. Sy sê al word sy hare so wit soos sneeu, sal Piet König nog vir haar die aantrekkingskrag van James Bond behou.

Ai, ek het verlede keer die onvergeeflike fout begaan — om *Wina* se rooi Anglia vir 'n Prefect aan te sien . . . *Lourens* was só gaaf om my die verskil tussen die twee te wys maar ek sal dit rêrig nie onderneem om dit vir julle te wys nie!

Met die val van die eerste herfsblare het die jaar ook vir *Susan Duvenage* en *Pieter van Schalkwyk* ryp geword in die goue akkerblare, 'n geel wat verbruin, maar vir hulle was dit die hoogste goed want op 5 April 1969 het hulle twee paadjies saam gesmelt om die breë weg van geluk te bewandel.

Onthou my aanbod Pukke . . ! 'n Stem roepende in die woestyn.

Adieu.

# Verhouding regering - Nusas troebel

**DIE AFGELOPE jare is, wat studentepolitiek betref, gekenmerk deur spanning wat daar tussen Nusas en die Regering geheers het. Met die „grootste" betoging deur studente in Suid-Afrika so pas agter die rug, kan gerus gekyk word hoe sake nou tussen die Regering en Nusas staan.**

Net na die ontmoeting van die Nusasleiers met mnr. S. L. Muller, Minister van Binnelandse Sake en Polisie teen die helfte van Februarie, het mnr. Muller gesê dat hy bly is daar dit lyk asof die leiers van Nusas blykbaar tot ander insigte gekom het. Die studente was onder die indruk dat die Regering met 'n ysterhand regeer sonder om die regte van burgers in ag te neem. Na die Minister se verduideliking het hulle blykbaar die Regering se posisie ingesien. In daardie stadium het hy ook sy blydskap uitgespreek dat die studente nie grootskeepse betogings sou hou nie.

Mnr. Duncan Innes, president van Nusas, het kort na die ontmoeting gesê dat hy dit duidelik wou stel dat hoewel daar 'n mate van verstandhouding bereik is, daar steeds groot verskil tussen Nusas en die Regering bestaan, wat politieke oortuigings betref.

Mnr. Muller het hulle versekerings gegee in verband met hul grootste griewe: die deportasie van studenteleiers, die opskorting van paspoorte en intimidasie van die kant van die veiligheidspolisie. Daar is om dié rede besluit om sekere betogings wat in dié verband gereël is, af te las.

Die Minister het aan die begin van Maart die houding van die Kommunistiese Party in die buiteland teenoor Nusas openbaar gemaak. Uit die verklaring het dit geblyk dat Nusas as 'n vriend en medestryder beskou word.

Nusas se reaksie hierop het opnuut die vertroebeling van verhoudings tot gevolg gehad. Skaars 'n maand na die ontmoeting het mnr. Innes op 'n byeenkoms van studente by die Witwatersrandse Universiteit die Regering, en in besonder mnr. Muller, aangeval oor hulle skynbare verandering van taktiek om Nusas nou met die Kommunistiese Party van oorsee te vergelyk. Hy het beweer dat Nusas beskuldig word dat hulle skakel met die Kommunisme, maar in Suid-Afrika is dit die Nasionale Regering wat met kommunistiese praktyke soos die gebruik van die radio om een party se belange te verstewig, besig is.

Die uitlek van die planne vir die „grootste studentebetoging ooit in Suid-Afrika", het verder bygedra tot die spanning. Afrikaanse nuusblaaie het aangevoer dat Nusas beloof het om nie vanjaar één betoging te hou nie — hul huidige optrede tart die Minister uit. Die

★ *Vervolg in volgende kolom*

verandering van die Witsies se oggendpraatjies het bygedra tot die verskerping van die nydigheid.

Uit Nusas-oogpunt het die betogings nie aan hul verwagtings voldoen nie en die Nusas—Regering-verhouding is feitlik ikabod! Geen opofferings kan van regeringskant verwag word nie en dit word betwyfel of daar binne die afsienbare tyd 'n verbetering in die verhoudinge sal intree.

# WAPADLANGS

DEUR SWEEPSLAG

## DIE AFRIKAANSE VREEMDELINGE

ONS is studente, maar besondere studente. Almal in Suid-Afrika is besondere mense, omdat ons onsself in die atoomeeu hier te lande bevind in 'n hoogs vloeibare kultuurmilieu. Vloeibare kultuursituasies is nie vreemd aan die geskiedenis nie, maar dit gebeur nie op elke bladsy van die wêreldgeskiedenisboek dat 'n volk met halfoop oë toelaat dat hul kultuur *vervloei* **nie.**

Ons sit op ons kampus rond en geniet dit van harte om die warm gevoel te kry dat almal om ons, óns mense is. En dan is dit net so aangenaam en maklik om te „weet" dat die res van die mense in die land wat Afrikaans praat, ook „ons mense" is. Maak ons egter ons halfoop oë effens wyer oop, merk ons met skok op dat ons skaars 100 myl moet ry om te ontdek dat al „ons mense" nié meer heeltemal ons mense is nie.

Studente in Pretoria ontwikkel koorsagtig 'n nuwe „verfynde" uitspraak in Afrikaans met gerolde r'e en ge-ô-de a's; Johannesburgers vlieg paniekerig af Parlement toe met petisies van vertroue; Bloemfonteiners hou baie van Calviniste; Port Elizabeth'ers geniet die lewe dubbel-medium styl en die Stellenbossers se lewenskriteria is „Innovasie, Vreedsame Naasbestaan en Rebellie". Dit alles is baie ekonomies, want mens hoef nie meer oorsee te gaan om te voel dat jy in die vreemde is nie.

Hoe gebeur dit dan dat ons Afrikaanse studentekultuur 'n konglomeraat van diverse heterogene kampuskultuurtjies word? Dit kom soms voor asof die gemeenskaplike van die verskillende Afrikaanse kampusse verminder en dat dié dinge wat ons nog gemeen het, nie-prinsipiële sake is: ons spel ons woorde almal eenders en nie een van ons wil met die Bantoes ondertrou nie, maar gesels ons met ander studente oor Christelik-nasionaal, die Kleurlinge en die wetenskap, ontdek ons in hulle vurige **vyande.**

Die oomblik van realisme het aangebreek waarop ons moet besef dat ons nie meer nét met Engelssprekende studente wat nie-blankes na konferensies wil saambring moet worstel nie, maar dat ons geweldig baie te sê het vir ons mede-Afrikaanse studente wat nie leiersposisies beklee nie, op ander kampusse waar die mense net opgelei word en nie soos ons ook opgevoed word nie.

Dit is net Calvinisties-oortuigde studente wat vandag nog die kokende kultuurketel kan afskakel en die geborrel en geblaas daarbinne kan laat bedaar. Om progressief te wees, moet ons warm word en bly, maar daar is werk om te verhoed dat ons en ander Afrikaanse kampusse se kultuurketeltjie nie droog kook en sy element dan kortsluit nie.

## Florna

FLORNA begin 'n spaarsisteem: omdat langafstandtoere meer as die maksimumprys van R2.00 per uitstappie kos, het dié liggaam op die blink idee gekom om met só 'n sisteem te begin.

Elke lid betaal 'n bedrag per maand — soos dit sy sak pas — maar 'n minimum-bedrag van 25c is vasgestel.

## STADSRAAD LEES DIE PUKKIE



*Met 'n breë glimlag ontvang raadslid J. A. Swanepoel die Puk se prestigeblad „Die Pukkie" van die redakteur Lood Dercksen.*

## S.R.-SIMPOSIUM

ONGEVEER 60 studenteraadslede van Afrikaanse Universiteite en van die P.O.K. sal die studente-raadsimposium volgende Vrydag bywoon. Die sentrale tema is „die Afrikanerjeug — vandag en môre".

**Program:**

10.00 vm. Prof. W. J. Snyman: Jeug en kerk.
11.30 vm. Prof. P. D. van der Walt: Taal en kultuur.
2.30 nm. Mnr. R. W. J. Oppermans (van Hoofstad): Die beroeps-lewe.
4.00 nm. Prof. W. J. de Klerk: Jeug en sy volk.

Alle studente welkom. Die verteenwoordigers van die ander studenterade woon Saterdagoggend se Karnavalverrigtinge by.

## MET KOPSKERMS EN AL . . .




*Gereed . . ! Hefaan lê voor en die wenstreep is ver, kruiwaens se wiele is ge-olie en die masjiene het brandstof ingeneem vir dié uithouwedren van 1969!*

# S.R.-VOORSITTER AAN DIE WOORD

**Intervarsity:**

Die Studenteraad gaan eerskomende naweek samesprekings voer met die Studenteraad van U.O.V.S. oor verskeie aspekte van die jaarlikse Intervarsity tussen hierdie twee universiteite. Aandag sal gegee word aan die tydsduur van Intervarsity, die gedrag van studente en dirigente, reëls i.v.m. die skaak van dirigente en ook ander sake wat mag opduik. Die Studenteraad hoop om veral wat die laaste saak betref die nodige veranderings teweeg te bring sodat daar 'n nuwe belangstelling en oorspronklikheid aan die dag gelê sal word wat die skaak van dirigente betref, aangesien dit die een faset van Intervarsity is wat besonder stimulerend kan wees vir die algemene gees op beide kampusse.

'n Monstervergadering word beplan vir 8 Mei 1969. Die Studenteraad voel dat daar 'n aantal belangrike sake is wat die hou van hierdie vergadering noodsaak en wat met groot vrug bespreek kan word. Sake wat reeds op die agenda sal verskyn is die nuwe reëlings i.v.m. Intervarsity, en die nuwe reëlings van die owerhede i.v.m. die kleredrag van studente. Onder die agendapunt „Eeufees" het die Studenteraad sekere sake om onder die aandag van die studente te bring, onder andere die oprigting van 'n gedenkteken as konkrete bydrae van die P.U.-studente tot die Eeufees van ons universiteit.

◆ Verder wil die studenteraad 'n ◆ vriendelike, dog dringende be- ◆ roep op enige student doen om ◆ nog agendapunte wat bespreek ◆ wil word op hierdie vergadering ◆ onder die aandag van die sekre- ◆ taresse van die Studenteraad te ◆ bring. Sodoende wil die Stu- ◆ denteraad poog om in die opset ◆ van die monstervergaderings 'n ◆ vernuwing te bring en belang- ◆ stelling te prikkel. Dit is im- ◆ mers die studente se vergade- ◆ ring waar hulle sake as lede ◆ van die studentekorps kan be- ◆ spreek. Die Studenteraad hoop ◆ dat daar goeie reaksie op hier- ◆ die oproep sal wees.

**Studenteraadsimposium:**

As deel van die Eeufeesaksies van die kant van die Studenteraad, word op Vrydag 2 Mei 'n simposium gehou van alle Afrikaanse universiteite se studenterade asook die Studenteraad van P.O.K. Hierdie simposium sal heelwaarskynlik plaasvind in die Senaatsaal van die Universiteit en die Studenteraad wil belangstellende studente hartlik uitnooi om hierdie simposium by te woon.

C. F. C. Coetzee.




*— na aanleiding van die gebrek aan reëls oor skoene by die nuutste kleredragregulasies vir mans . . .*

**DIE WAPAD-REDAKSIE**
***betuig sy dank teenoor***
**FOTOKUNS**
***vir sy hulp, ywer en belangstelling in die versorging van hierdie blad.***





'N VEILIGE TUISTE VIR U GELD

NASIONALE BOUVERENIGING

## Van Voorpos tot Voorspoed met sonniger banksake...

Sedert sy stigting in 1862 het die Standard Bank baanbrekerswerk op die voorposte van ons land gedoen.

Waar goud en diamante ook al ontgin is, het die Standard dit gekoop, versend, verassureer en verkoop; werkende kapitaal aan die snelgroeiende mynboubedryf, boerdery en nywerhede voorsien, en kontant daargestel vir noodsaaklike aankope van verbruikersgoedere. Sodoende het sy bankdienste bygedra om orde, stabiliteit en voorspoed aan die gemeenskap te bring.

Ja, die Standard Bank se wortels het diep vasgegroei in ons landsekonomie. Hy het ontwikkel tot 'n staatmaker-bank wat vandag in elke uithoek van ons sonnige Suiderland sy medeburgers help deur sonniger banksake. En die Standard Bank gaan die toekoms tegemoet met vertroue in nog groter welvaart, geluk en welsyn vir sy land en sy mense.

**Op die Standard kan u staatmaak**

DIE STANDARD BANK VAN SUID-AFRIKA BEPERK
(Geregistreerde Handelsbank)
Meer as 800 kantore dwarsdeur die Republiek en S.W.A.



'n Argiteksvoorstelling van die Standard Bank se reusesentrum van R16 miljoen in Johannesburg.

Grant 214-140/1A

# AFSPRAKE...

**25 April** — Invitation to a Gun fighter, filmvertoning deur AOB.

**25 April** — Vrystaatse Jeugkoor, 8 nm. Totius-saal.

**25 April** — Fakulteitsfunksie van die Natuurwetenskappe.

**26 April** — Volkspelesaamtrek.

**29 April** — Aanvang van Puk-karnaval.

**30 April** — Byeenkoms van Sentrum vir Internasionale Politiek. Spreker: mnr. Karl Nöffke, redakteur van Die Transvaler.

**30 April** — Karnavalkonsert, Sentrale eetsaal.

**1 Mei** — Karnavalkonsert. Sentrale eetsaal, Kermisdag.

**2 Mei** — Karnavalkonsert, vlotbou.

**3 Mei** — Karnavaloptog deur strate, vlotte.

**7 Mei** — Afrika seminaar.

## DAGSTUDENTE! AANDAG

DIE dorpsvereniging begin bou aan hulle vlot by die tennisbane op Dinsdag 29 April. Die motief is „vraagtekens". Alle dorpstudente hartlik welkom.

**DIE BULT-HAARKAPPERS**
**Mans en Dames**
*Eienaar: G. Schoonhoven*
**Tomstraat 86b — Tel. 5136**
**Na ure: 6056**

**JOUBERT MEUBELS**
**Kerkstraat 201, Tel. 3420**
**POTCHEFSTROOM**
●
Vir
**MODERNE MEUBELS**
en alle
**HUISHOUDELIKE TOERUSTING**
●
Ons spesialiseer in die verskaffing van
**Jongste Plaat-opnames**
*Kom besigtig ons groot reeks*

**Vir al u**
★ **APTEKERS- en**
★ **FOTOGRAFIESE**
★ **BENODIGDHEDE**

**Besoek:**
**APTEKERS J. P. VAN DER WALT**
(EDMS.) BPK.
**Kerkstraat 118**
**POTCHEFSTROOM**
**Telefoon 3237**

die WAPAD

VRYDAG 25 APRIL 1969

# *Studenteprotes: ja of nee*

UIT die besprekinge blyk dit dat die Pukke oor die algemeen nie veel prinsipiële beswaar het teen studenteprotes nie, mits dit gegrond is op besware wat op *géén ander manier* opgelos kan word nie en mits die kampus nie slagveld word van bedrywighede wat vreemd staan teenoor die wese van die universiteit nie.

Dat ons nie uiteraard protesterende mense is nie, wil nie te kenne gee dat ons met alles tevrede is en alles as vanselfsprekend aanvaar nie. Ons vind ons uitgangspunt in die reformasiegedagte wat geduld en doelgerigte werksaamheid in hom opgesluit hou, terwyl die revolusie-gedagte die sosiale orde eensklaps omver wil werp met die hoop dat daar skielik 'n hemel op aarde sal neerdaal.

Daar is baie dinge wat verandering nodig het en ons is daarmee besig, geduldig en doelgerig.

Ons het soveel vertroue in ons standpunte en hanteer dit met soveel liefde, dat ons nie geneë is om dit enigsins skade te laat ly deur oorhaastige en emosionele protesoptogte en dergelike raserny nie.

Dit kan die Puk ter ere na gegee word dat hy ook nie sonder meer sy oor uitleen vir reaksionêre optrede nie.

Sou diegene wat so protesteer met die gedagte van openheid en vryheid, al daaraan gedink het dat hulle dalk verkeerd kan wees?

# *Die degraderende Veg*

DIE huidige politieke bedeling is 'n bedeling vol beroering. Die spreekwoord sê „soveel hoofde, soveel sinne" en dit wil voorkom of nuwe politieke „hoofde", elk met 'n eie sin, hulle toenemend en voortdurend op die voorgrond wil dring. Nou is dit juis opvallend dat dié situasie hom voordoen terwyl S.A. regeer word deur die grootste meerderheid in die geskiedenis.

Wanneer 'n regering baie groot word, is dit onvermydelik dat van binne en buite die meerderheidsgroep 'n kroniese dwarstrekkery sal ontstaan, want politieke kwantiteit beteken dikwels politieke lompheid.

Teenkanting en kritiek is altyd gesond, maar wanneer 'n tydskriffie soos VEG hom onder die dekmantel van Christelik-nasionaal en Calvinisties wend tot sensasionele sinisme, soetsappige limirieke en versteekte-bandopname-in-die-vergadering-metodes, word die saak onsmaaklik.

Ongetwyfeld bevat sommige artikels van VEG elemente van waarheid, maar ons dag is 'n dag van subtiliteit en gevolglik kan 'n mens na binne of buite jou groep niks anders met „Sturm und Drang"-optrede bereik as afbraak nie.

As VEG werklik Calvinisties was, sou uit sy bladsye sterk standpunte gestraal het wat vir hulself spreek, en nie die huidige jammerlike gekef teen alles en almal wat nie soos Verwoerd of Strydom optree nie.

As daar politieke figure is wat vatbaar is vir degradering, sal hulle optrede outomaties tot hul degradering lei, maar hy wat sulke persone kunsmatig wil afmaak, degradeer net homself.

## REDAKSIE

Hoofredakteur: Jan-At Kruger — tel. 8039
Sub-redaktrise: Martie Kruger — tel. 8039
Nuusredakteur: Francois Venter — tel. 2050
Interuniversitêre redakteur: Dirk Laufs — tel. 4638
Sosiale redaktrise: Rika van Graan — tel. 4477
Politieke redakteur: Dawie Swanepoel —
Sportredakteur: Henk Coetzee — tel. 4869
Kunsredaktrise: Joan Crafford — tel. 2071
Akademiese redaktrise: Elsabe Smuts — tel. 2039
Eeufeesredaktrise: Ketha Coetzee — tel. 2071
Sirkulasiebestuurder: Gideon van der Nest — tel. 2019
Fotoredakteur: Wytze van Wyk de Vries — tel. 2019
Sekretaris-penningmeester: Lourens du Plessis — tel. 2019
Advertensiebestuurder: Johan Ligthelm — tel. 2172
Medewerkster: Ansie Booyens — tel. 3214
Fotograaf Verslaggewer: Du Preez Martins.
Spotprenttekenaar: Lood Dercksen.
SPORTVERSLAGGEWERS:
Izak van Rensburg; Hennie Horn; Hennie de Villiers.
AKADEMIESE VERSLAGGEWERS:
Erna Arnold; Rika van der Walt.
KUNSVERSLAGGEWERS:
Piet Fourie; Louise Heystek; Nicoléne Marais.
POLITIEKE VERSLAGGEWERS:
Douw Kruger; Zak Ferreira.
SOSIALE VERSLAGGEWERS:
Amalia du Plessis; André le Roux; Magriet de Lange; Hestrie Snyman; Marlena Lemmer; Gert Kruger; Dries Burger; Johan Yssel; Retha le Roux.
Yssel; Retha le Roux.

# Uit die Woord

## Kultus van die kristalbal

*Deut. 18 : 10: „Daar mag niemand by jou gevind word wat . . . met waarsêery omgaan nie".*

*In die geskiedenis van die mensdom kan dié eienaardigheid bespeur word, dat die afname in godsdienstigheid direk eweredig is met die toename in bygeloof. So is ook die sogenaamde mondige mens van vandag se gewaande objektiewe beskouing van die werklikheid 'n hersenskim uit sy eie koorsige brein. Ons ateïstiese tyd aanskou 'n oplewing van die kultus van die kristalbal soos nooit vantevore nie:*

■ *Koerant- en tydskrifredakteurs weet watter verskil die aan- of afwesigheid van 'n rubriek soos „Die sterre voorspel" aan sirkulasiesyfers maak;*

■ *aan die begin van elke jaar word gewigtige voorspellings aan die lesers deur mense met ewe gewigtige name en reputasies gemaak;*

■ *in die stad is lang toue kantoorjuffers (en -menere) by fortuinvertelsters se karavane tydens die etensuur 'n bekende gesig . . .*

*En so kan die voorbeelde vermenigvuldig word.*

*Die tragiese is: Christene doen daaraan mee.*

*Die Bybel beskou dit egter geensins as 'n middelmatige saak nie. Aan Israel is dit voorgehou as die „gruwels van die heidennasies" waarmee hulle niks te doen mag hê nie. Immers, deelname daaraan is*

— *'n teken van ongeloof (Saul!);*
— *'n bedenklike poging om allerlei openbaringsmedia buite Gods Woord te soek;*
— *en daarom: naakte afgodery.*

*Dit is des te gevaarliker omdat dit die leuen is wat in die gestalte van die waarheid nà ons toe kom.*

*Laat ons onthou: Daar is nog altyd net één Weg en één Waarheid.*

M.J.L.

# *Uit die* POSSAK

## PROBLEME MET GRADEPLEGTIGHEID

Geagte Redakteur,

Met die afgelope gradeplegtigheid op 28 Maart, was daar een of twee dingetjies wat die betrokke studente dwars in die krop gesteek het.

Hoekom was die ete wat bedien is, nie *in* die sentrale eetsaal gehou nie, maar buite op die stoep? Dit het meegebring dat die gaste tussen pilare, slote, trappies en geute moes rondbeweeg, om nie eers te praat van mekaar vertrap in die stof om die eetsaal nie. Die kos was uitstekend, maar om die hele tyd rond te dwaal met 'n bord vol kerrie, rys en slaai en dit staan-staan te probeer eet, is nie van die maklikste nie.

Die eetsaal word tog soms afgestaan vir belangrike geleenthede en as dit bots met die studente se etenstye, word daar vir hulle 'n piekniekete gereël. As die geleentheid dan nie belangrik genoeg was nie, of as die eetsaal nie beskikbaar was nie, hoekom dan nie maar weer terug Oude Molen toe nie? Verskeie gaste het genoem dat dit die vorige jare baie geselliger was. (Ek praat spesifiek van die omgewing en omstandighede; nie van die verversings nie.)

### Dosente afwesig

'n Verdere krapplek was die onmiskenbare afwesigheid van maklik drie-kwart van die dosente by die gesellige verkeer daarna. Dis 'n bekende feit dat universiteitsdosente tot satwordens toe moeg is vir die half „moreel verpligte" bywoning van sulke akademiese geleenthede, maar baie van die studente ontvang slegs die een graad in hulle loopbaan en dit is vir hulle en hulle ouers 'n besondere geleentheid Kon die betrokke dosente nie maar probeer om meer belangstelling te toon deur 'n handdruk en hul teenwoordigheid nie? In die omsendskrywe rakende die gradeplegtigheid aan die studente, word daar nogal 'n beroep op die studente gedoen om die vrymoedigheid te hê om hul ouers aan die dosente voor te stel. Die vrymoedigheid was wel daar, maar nie die dosente nie!

Dit was nogal interessant om op te merk dat die handjievol dosente wat wel daar was, wat tussen die gaste deur beweeg het en hulself die moeite getroos het om hul studente geluk te wens, meestal dié dosente is wat hulle beywer vir die student en sy belange. Hulle het gewissel van junior lektore tot die mees senior professore.

Sommige studente se ouers het selfs van so ver as Windhoek en Port Elizabeth gekom, en was baie teleurgesteld omdat hulle maar een of twee van hul kinders se dosente te sien kon kry. Vir die dosente is dit miskien ritueel, maar 'n mens wonder wie is met dié een geleentheid die belangrikste. Is dit te veel gevra?

„Ons wonder maar net"
in Oosterhof.




# DEUR MY LENS

DEUR REFLEKTOR

EK protesteer graag, en jy? Dis in my bloed. Ek kry 'n magtige aandrif om te rebelleer teen alles wat my nie pas nie. Dis 'n magtelose opstuwing wat my totaal oorheers as hy kom. Van my grootste teekan-toesprake is uit hierdie opwelling gebore. Ek voel sterk oor my reg op protes. En waarom nie? Ek is die een wat betaal vir daai kos en ek het gewerk vir die paar pennies om darem 'n stuk koshuisdak oor my kop te kry.

Dis my volste reg om in enige koshuisvergadering op te staan en te sê ek hou nie van kool en „misery balls" nie. En dat hulle nie lankal daai voorwerp uit die teekan gehaal het nie, is vir my 'n wonder. Ek sê al van die begin van my eerste jaar af die goed smaak na niks. En jy moenie dink ek sê sommer maar net die dinge omdat sê sê is nie, en ek „moan" ook nie, maar die dinge pla my en as ek eers daai drif van my kry, dan sien ek rooi en dan protesteer ek lekker en maklik, en jy?

Maar daai petisie van nou die dag het my gevang. Wie ken my drifsimptome beter as ek? Van skone rooie lekkerkry het ek so gestaan en bewe dat ek die papier op 'n stoel moes neersit om my handtekening ook te voeg by die duisende ander verontregtes. Dis met die neersitslag dat ek die papier eers mooi van voor sien. Waarvoor vra ek myself af, wil julle akademiese vryheid hê? En so met die vraery aan myself is dit behoorlik asof ek voel hoe my drif so 'n paar stuiptrekkings in my linkerkantste seer knieg gee, en toe's hy weg.

En nou kon ek nog nie weer een nag lekker slaap nie. Dis daai vryheid wat my entoesiasme weggevat het. Bedoel hulle regtig dat enige ou net kan leer wat hy wil en vir wie hy wil? Ek's nie verhelder of verduister nie, maar ek het my beginsels. En dis vir my lekker om te weet dat my mense my en jou beginsels beskerm. Vir my in my universiteit, en vir die swarte in syne. Maar dis daai deurmekaarboerdery wat my lam in die knieë gemaak het. Ek bedoel, koshuiskos bly koshuiskos, maar ek smaak darem ook nie daardie geurloosheid van die petisie nie.

Daai ou met die lang hare het nou wel gesê ek „moenie worrie nie want ons gaan tog een lekker mob word", maar ek sê hy's verkeerd, nie solank ek ek is en jy jy nie. En toe sê ek vir hom ek's nie so dom om hom te glo nie, en as ek nie dom is nie, wie's dan dom?

En ek sê nou vir jou, my protesteer-drif is weg, maar van nou af gaan ek inklim teen daai ouens wat net hier voor hulle op die grond vaskyk en nie 'n duim verder nie. 'n Vrou sal ek seker nooit kry nie, maar ek sal jou help veg vir joú kinders se toekoms (my veg is met 'n kleinletter).

# UITSPAN 21

**GROOT, JA GROOT, was die amptelike inwyding en naambord-onthulling van die „nuutgeverfde Uitspan" Maandagaand. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die Puk dat koshuisverrigtinge deur die Rektor bygewoon is.**

Met trots kon die twee bere weerskante van die spierwit sydoek die verrigtinge gadeslaan, — hulle was die troue bewaarders van iets wat baie kosbaarder as korale was ..? Ja, hulle kon met genoegdoening hul hoofde in tevredenheid skud want hul skeppers is nie net gróót in naam, inisiatief en in ander opsigte nie ... nee, meer nog, die gees is lewendig en rég!

Met die Saluut deur die Pypregiment, die Wag van die Beer, het die Generale Saluut ver oor die vlaktes weerklink. Die inspeksie van die Wag is deur Callie Coetzee op 'n aandoenlike wyse gedoen.

Toe die rektor, prof. Bingle, die dun onsigbare draadjie met die groot silwer skêr afknip en die wit sydoek na benede val, het die „Wonder van Uitspan" ons voor die oë verskyn en om 'n mens nog meer liries te laat raak, het die Siegeslied soos uit een keel ontspring.

Na die aandoenlike toneel het die rektor sy boodskap aan die volk van Uitspan gebring. Hy het hoë waardering uitgespreek teenoor die handvaardigheid van die inwoners en gesê dat die jongmans eintlik 'n patroon daargestel het wat kostes kan bespaar.

Hy het ook die hoop uitgespreek dat die studente daarin sal slaag om 'n eie lewenspatroon te skep. Hy glo dat hulle in 'n mate reeds geslaag het om aan te pas by 'n Suid-Afrikaanse patroon soos uit die verlede — 'n lewenspatroon wat die elemente behou van daardie dinge waarop ons bou. Die student moet daarin slaag om die natuurlike elemente van 'n huisgesin in te bring.

Na die voortreflike boodskap is die Orde van die Rooi Beer, die hoogste toekenning van die Pukkampus, deur Lambertus M. Fourie, Pa van Uitspan, aan prof. Bingle en prof. W. N. Coetzee oorhandig.

Die seremoniële verrigtinge is op luisterryke wyse met die Uitspanvolkslied afgesluit en die gaste kon heerlik in die vierkant met wafels en tee om die kampvuur verkeer.

Die eregaste was prof. en mev. Bingle, prof. en mev. W. N. Coetzee, tant Nonna, mnr. en mev. W. J. Coetzee en mnr. Amie van der Walt.

**GAAN MAL DIS KARNAVAL**

## Uit die verlede

THE University Commission complained about our old army huts. Presumably they think, because we live in tin houses we are sardines.

— Besembos 1928.

# WITS HET REG OM TE PROTESTEER - Krause

**ELKE STUDENT in 'n demokratiese gemeenskap moet die reg hê om te protesteer", het mnr. Otto Krause, redakteur van „News Check" op 'n P.N.B.-programvergadering verlede Donderdagaand gesê. Die substansie van die Wits-studente se protes is egter dat hulle vir 'n sterwende saak betoog".**

Die oorsprong van die betogings is nie soseer liberalisme nie maar uit frustrasie oor — soos dit vir hulle voorkom — die permanente Afrikanerheerskappy.

Alhoewel die Witsies voorgee dat hulle vir akademiese vryheid betoog, gaan dit eintlik om die toelating van nie-blankes tot hulle universiteite. „Dit is maar die ou ding in ons politiek dat die Engelssprekendes 'n bondgenootskap met die nie-blankes wil sluit om die Afrikaners te bestry. Op die oog af lyk dit na liberalisme maar inderwaarheid is dit imperialisme om die land te beheer", het mnr. Krause gesê. Daarom betoog veral studente uit die boonste lae van die Engelssprekende bevolking.

Die studente het 'n rég om te betoog, maar met twee voorbehoude: indien 'n protes 'n bedreiging vir die veiligheid van die staat of vir wet en orde is, moet dit verbied word.

Die betoging van 'n handjievol Witsies kon nie die veiligheid van die staat ondermyn nie, maar 'n opmars deur Johannesburg se strate sou baie meer onrus veroorsaak het. Daarom het die stadsraad wys gehandel om op grond van wet en orde 'n opmars deur die strate te verbied.

Die regering moet dié optrede van die studente ignoreer. Deur hulle te betig, word die betogings aan die gang gehou en die studente word die geleentheid gebied om hulself as martelare te beskou. Daar moet liewer gepoog word om hulle oor te haal na die regeringsstandpunt.

Optrede van regeringskant is daarop gemik om die sogenaamde „verkramptes" in eie geledere te troos en veilig te laat voel.

Betogings is 'n buitelandse „ding" wat nie by Suid-Afrika en die Engelssprekendes se volkskultuur inpas nie. Die Engelssprekendes voel daarom ook teleurgesteld dat die studente nie met iets nuuts en oorspronkliks teen die regering kom kom nie!

# *Onthulling*



**Prof. H. J. J. Bingle, rektor van die Puk onthul die naambord van Uitspan, terwyl Dups du Bruyn glimlaggend toekyk.**

## Klou soos nete

„THABA JÄH vir ons in 1970!" is die algemene kreet van inwoners van Thaba Jäh.

Sestien senior dames van drie verskillende dameskoshuise plus vyftig eerstejaars woon so lekker saam in Thaba Jäh dat hulle niks wil weet van 'n ander koshuis volgende jaar nie. „Ons sal soos visse op droë grond voel as ons hier moet uit!" sê hulle.

Bewys van die goeie gees wat daar heers, is die feit dat Thaba Jäh die meeste Atletiek-Gedenkalbums verkoop het. Dit was 'n gesamentlike poging van eerstejaars en oudames.

Die koshuis het ook al 'n „Snoepie" wat goed floreer.

*Cachet Modes*

**(EDMS.) BPK.**

Tomstraat 92 — Telefoon 5032 — Potchefstroom

**ONS HOU ALLES AAN WAT DAMES BENODIG**

★ ***Nuwe voorrade van rokke en nogwat word gedurig uitgestal***

# KARNAVAL!!

A R N A V A L !!

## DIE SR-VOORSITTER



C. F. C. COETZEE

### SÊ:

NA die uiters suksesvolle karnaval van 1968 met sy openbaring van die tipiese Puk-gees en oorspronklikheid en sy spontane deelname deur elke student, kan ek nie sien dat dit vir die Studenteraad of enige persoon nodig is om die Pukke op te roep tot deelname en inisiatief en samewerking nie. Ek is daarvan oortuig dat elke student — die seniors na die heerlike ondervinding om die vorige karnaval te kon meemaak, en die eerstejaarstudente in angstige afwagting op een van die grootste belewinge in 'n mens se studentejare — reeds tande slyp en uitrus om met die karnaval uiting te gee aan al die opborrelende jeugdigheid, oorspronklikheid en jolyt waaroor 'n Puk-student beskik. Daarom twyfel ek ook geen oomblik daaraan dat die karnaval van 1969, as feeskarnaval, in alle opsigte 'n klinkende sukses gaan wees nie.


C. F. C. Coetzee.

## DIE KARNAVAL-VOORSITTER



K. DU PLESSIS

### SÊ: HOU POLITIEK UIT DIE KARNAVAL



*Een van die luukse passasierskepe van die Castle- redery. Twee Pukke gaan as gaste van hierdie redery van Kaapstad na Durban vaar . . .*

V I R J U L L E

VLOTTE „float", kampvure knetnet, konsertgangers kraai (van die gelag) en, les bes, toetse toets. Kortom, die Pukke gaan karnaval hou! Van Dinsdag tot Vrydag volgende week behoort Potchefstroom aan die studente. Dis pret en plesier, juig en jol. En die wins? Alles vir die Studentesentrum.

Dinsdagaand is dit filmpremière: Yours, mine and ours — 'n komedie. Word in die 20th Century (in Kerkstraat, as jy nie weet nie) vertoon. Plekbesprekings kan ook by die teater gedoen word.

Woensdag-, Donderdag- en Vrydagaand: konsert, konsert, konsert. Eerste studentekunstenaars, dan die koor van die Collegium Musicum en laaste, maar nie die minste nie: Gert Potgieter, Nellie du Toit, Rita Robberts, Jules Borowsky, Raoul Roenca, Vrydagaand trakteer Johan van Rensburg en Alabama 'n gehoor van skoolkinders met 'n spesiale program.

'n Groot kompetisie lê ook en loer. In samewerking met die S.A.U.K. reël die Universiteit 'n inter-universitêre musiekkompetisie. Die finaliste tree in die „klam program", Ateljee '69 op. Radioluisteraars kies die wenners dan soos in Treffersparade. Die Woensdagaandkonsert in die karnavalweek dien as keuring vir die P.U.-finaliste. Hierdie finaliste ontvang R25.00 van die A.B.K.K.

Die lang arm van die gereg kry ook vanjaar 'n vinger in die karnavalpastei, want tienduisend oud-Pukke en vriende van die Universiteit word „gedagvaar". „Verweerders" kry geleentheid om skulderkenning te betaal tot 14 Mei 1969. Nà dié datum sal alle oortreders (wat nog nie betaal het nie) verder vervolg word. „Beskuldigdes" is nie gebonde om „net die boete en niks anders as die boete" te betaal nie. Méér is ook welkom en dit vrywaar dan die „oortreder" teen dagvaarding — vir 'n periode van tien maande.

En iewers op die kampus loop 'n Puk-leeu nog ongekroond rond. Op die kermisdag — volgende Vrydag — sal hy aan die man gebring word. „Hy" is die man met die mooiste baard wat die vinnigste kan sluk en kou aan 'n pint melk of bottel koeldrank en 'n pak aartappelskyfies.

Op die kermis sal koshuisstalletjies sorg vir verversings en Radio Biafra vir musiek en kommentaar. 'n Opwindende arena-program word ook aangebied. Die stalletjie met die hoogste wins kry weer 10 persent van sy totale omset terug (hoe's daai!).

Saterdag is vlotdag. Beoordeling geskied op grond van oorspronklikheid, afgewerktheid en tema-uitbeelding. Die eerste is R50, die tweede R25 en die derde R10. Maskers van alle soorte, groottes en kleure met studente binne-in sal die strate in hordes binnevaar en blik-skud-kollekteer.

En al hierdie dol dae word heerlik afgesluit met 'n kampvuur, wat letterlik en figuurlik die hoogtepunt van die karnaval sal wees.

## PROGRAM:

**Dinsdag 29 April**

Filmpremière: Yours, Mine and Ours 20th Century

Bespreking: 20th Century
Toegang: Van 50c tot R2

★

**Woensdag 30 April**

Konsert
P.U.-kunstenaars

★

**Donderdag 1 Mei**

Konsert

Gert Potgieter
Nellie du Toit
Rita Robberts
Jules Borowsky
Raoul Roenca
Collegium Musicum-koor

★

**Vrydag 2 Mei**

Kermis

★ Koshuisstalletjies ★
★ Arena-aanbieding ★
★ Verkiesing van ★
★ „Puk-leeu" ★

Konsert spesiaal vir skollere

★

**Saterdag 3 Mei**

Vlotoptog in Potchefstroom

Tema: Wêreldgebeure

Massa-kampvuur
Oude Molen

Kampvuurkonsert op Koshuisbasis

★

# DEUR JULLE! GAAN MAL DIS KARNAVAL

# Populiere in die wind

MEVROU droom van 'n rok — geborduurde sy moet dit wees. Môre by mevrou Wee se verjaardagpartytjie sal dit daardie mevroutjie-nuwe-intrekker-met-daardie-gloeiende-herfspakkie lelik op haar neus laat kyk.

Dr Hoogewind ontmoet die lektor Mooieveert toevallig by Clows se vertoonvenster. Die volgende dag stap hy in en trek die rooi M.G. uit, „daardie enetjie, jy weet mos, die een waarvoor lektortjie pasgetroud Mooieveert so hard sou moes spaar — as hy nie met een getroud is nie . . !"

Haai, die ou Ben! Hy groet 'n mens mos nie meer vandat hy sy meisie-suzuki verruil het vir 'n Volksie 1300 nie. Hy kan seker nie meer onthou hoe ek hom altyd met my driewiel-gomtorretjie aangehelp het klas toe nie . . . En noudat Sarah se pa verhoging gekry het, en sy meer „classy" kan aantrek klas toe, praat sy nie meer met die ouens in ons gang nie . . .

Tog snaaks as niks ook iets geword het — wat aansien en geld kan doen! Die viooltjie is nie nederiger as die roos nie, hoewel sommige digters so meen, maar sulke annerster mense tel ôk nie. Aggenee, man, daar is nou selfs al klasseverskil tussen 'n ou wat Lucky Strike en 'n ou wat Texan rook — maar dan is daar nie verskil tussen 'n ou wat twak praat en nie so lyk nie, of hoe! Hoor nou mooi: as 'n brak in jou pad lê, raak aan hom met jou skoen en sê: „Ag nou, voertsek!", maar doen dit vriendelik. En as jy agter jou oor jeuk, man, krap die plek!

## 'N DAG VAN HONDERD DITSEMS?

Geagte Redakteur, Twee van die gebeurtenisse wat die sestigerjare in Suid-Afrika gekenmerk het, was desimalisasie en metrisasie. Eers was dit Daan Desimaal wat ons vertel het hoekom dit beter is om rande te gebruik as ponde, en nou, so word my vertel, is dit sy vrou, Marie Metriek, wat met alle geweld ponde met gramme en jaarts met meters wil verdring.

Die dringende vraag wat nou by my opkom, is dit: Terwyl ons nou besig is om alles na tiene oor te skakel, is daar enige sinvolle rede hoekom 'n dag vier en twintig uur het, 'n uur sestig minute en 'n minuut sestig sekondes? Wat verhoed 'n dag om te bestaan uit honderd ditsems, 'n ditsem uit tien desi-ditsems en 'n desi-ditsem uit tien senti-ditsems, wat op hulle beurt elk opgedeel is in tien milliditsems?

Wat verhoed my om tussen sewe en sewentig en een en tagtig ditsem te slaap in stede van tussen half-sewe en half-agt? En as Paul Nash die honderd meter in 1.1 senti-ditsem hardloop, wil dit nog nie sê dat hy versleg het sedert die dag toe hy dit in 10 sekondes afgenael het nie. En wat meer is, aangesien vyftig ditsems middag is en honderd ditsems middernag, sal daardie simpel afkortinkies „vm." en „nm." spoedig uit die taal verdwyn.

Ek sien al hoe grinnik die wiskundiges. Maar ek het alle rede om te vermoed dat Galileo op sy dag die oorsaak van menige smaaklag in Italië was. Dus . . . my grootste vrees is net dat u hierdie brief gaan beskou as 'n grap en daarmee gaan afmaak met die opmerking: „Hoe meer hekta-ditsems, hoe meer dae". Asseblief toggies . . .

**Diederik Ditsem**

*Naskrif:* Terloops, is daar enige rede hoekom Die Wapad nie meer elke sewe hekta-ditsems verskyn nie?

## BANTOETAALONDERWYS SPRAAKSAAM BESPREEK

**DIE SIMPOSIUM, gereël deur die departement Bantoetale op Saterdag 19 April, met as onderwerp „Bantoetaalonderrig aan blanke skole", het wye belangstelling gelok.**

Die opening is waargeneem deur prof. H. C. van Rooy. Prof. T. M. H. Endeman van die Bantoe-universiteit naby Pietersburg, het gepraat oor die doel, plek en waarde van Bantoetaal-onderrig aan blanke skole. Prof. Endeman is tans die oudste hoogleraar in Bantoetale en verskeie publikasies van hom het reeds verskyn. Mnr. W. J. Kotze, in diens van Bantoe-onderwys, het eksamenvrae, -standaarde en -foute van leerlinge in Bantoetale aan blanke skole behandel. Prof. C. J. H. Krüger, van wie daar ook 'n hele paar vakwetenskaplike artikels verskyn het en wat verantwoordelik was vir die organisering van die heel eerste simposium oor Bantoetale, het enkele raakpunte tussen skool en universiteit met betrekking tot die onderrig van 'n Bantoetaal bespreek. Daarna het dr. Schmidt, verbonde aan die Onderwyserskollege gepraat oor die metodiek van die onderrig van 'n derde taal met spesiale verwysing na Bantoetale.

Na die etenspouse het mnr. B. P. J. de W. Celliers, 'n onderwyser in Noord-Sotho aan die Hoërskool Roodepoort, 'n referaat gelewer oor die waarde van mondelinge onderrig in Bantoetale, met spesiale verwysing na die laer standerds. Ten slotte het prof. J. Breed, departementshoof in Bantoetale van die Universiteit, die plek van Bantoeletterkunde in die leerplanne aan die hoërskool bespreek.

Die simposium was 'n besonder groot sukses. Die referate was uitstekend en die belangstelling bo verwagting goed. Die hoop is uitgespreek dat daar meer byeenkomste van hierdie aard gehou sal word, veral met die doel tot beter samewerking en koördinasie tussen die klein kring Bantoetaalonderwysers.

## WOORD EN DAAD STIMULERENDE WAARDE

**TOE adv. D. P. de Villiers onlangs voor die byeenkoms, gereël deur die Sentrum vir Internasionale Politiek, opgetree het, het hy gewys op die stimulerende waarde van publikasies wat van die Puk-kampus af uitgaan.**

Hy het spesifiek na KOERS verwys, maar ook gesinspeel op WOORD EN DAAD na aanleiding van die „gewraakte" artikel oor afsonderlike ontwikkeling in die uitgawe van Desember 1968/Januarie 1969.

Hierdie blad is die mondstuk van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging. 'n Oorsig van die inhoudsopgawes van hierdie blad is al genoeg om sy opset agter te kom: besinning en verantwoording oor sake in volksverband word gegee vanuit 'n uitgesproke Calvinistiese klimaat. Dwarsdeur al die uitgawes tref 'n mens geen droë beredenering en propagering van die Calvinisme aan nie. Eerder tref 'n mens die groot verskeidenheid van die werklikheid van ons volkslewe aan — besien met 'n Calvinistiese bril: Geloftedag, Vrymesselary, ekonomiese gebondenheid, De Gaulle se optrede, immigrasie, kerk en volksbelang, Sondagpers, die Kongo, ens.

## Vernuwing in Virus

**BY 'n vergadering van die Administratief van VIRUS gehou op Dinsdag 22 April is besluit om die volgende verklaring uit te reik:**

- **Die hou van openbare VIRUS-vergaderings word voorlopig opgehef.**
- **Die rede is dat die Administratief besluit het om die aard van VIRUS-aktiwiteite geheel en al te wysig.**
- **Hangende die realisering van die nuwe beplanning, doen die Administratief 'n beroep op die massa om hulself wel deeglik op hoogte te hou van aktuele gebeure op veral Afrikaans-kulturele en politieke gebied.**

## Andersdenkendes

As 'n mens hoor van sommige sprekers wat in die jongste tyd genooi word om programvergaderings te kom toespreek, lig die wenkbroue. Gou kom die teen-argument: „Ons wil van die ander standpunt ôók verneem". Is die tendens werklik so nuut? . . . En gevaarlik?

Kort na die griep van 1918 verklaar die Korpsvoorsitter in die blad van destyds, „Veritas Vincet", waarom persone buite die kring van Korps genader word: „. . . want sonder 'n prikkel nou en dan van buite af sluimer 'n mens gewoonlik in selfgenoegsaamheid in."

U KANS!

DIE WAPAD bied u hope kanse om in die studentelewe te dien én u uit te leef.

●

Aansoeke om in die redaksie opgeneem te word kan gerig word aan

Die Hoofredakteur, P/a Studenteraad.

## * VIR DIE DAMES *

LIEWER dood as uit die mode . . ! Hoe vaal en kleurloos sou die lewe nie wees sonder Mode nie? Plasconverf met sy veldtog van Kleur in ons lewe, sou werklik nie alleen daarin kon slaag om die uitsig aantreklik te maak nie.

Stel jou voor — 'n wêreld sonder strak leer, getailleerde uniforms, sagte valle, breë seinture, yslike sakke, geborduurde sy, kolle, strepe, wawiele, sandale wat die Egiptiese strandlopers hul hoofde in skaamte sal laat sak, stewels wat Frank Bornman en sy makkers sal laat terug verlang na die maan . . . al dié dinge.

Die verskeidenheid is 'n integrale deel van die hedendaagse mode. Vere . . , Dior sê dit keer terug. Alles goed en wel, die vere moet net nie waai nie.

Dan is daar 'n eienaardige neiging by die dames wat rak se kant toe staan . . . bokstertjies word gedra om hul „klein-dogtertjie guitigheid" te weerspieël, maar ek verkies hulle bo die dâme met die ewighoudende dinee-kapsel en die witmasker tussen die ore wat afval as sy per ongeluk agter die kop getik word.

Waarom word die menslikheid onderdruk, daardie deel waarmee jy gebore is, die oereienskap wat ook jy sal oordra? Daardie kille ingetoënheid dien geen doel nie — die navolging van 'n popgesiggie in 'n glanspapier modeblad is 'n verraad teenoor jouself!

Los die verweefde, ingewikkelde, bizarre, absurde patrone — dinge wat te voorskyn sou kom as 'n kind psigedelies kon droom. Kies blou kolle, blou strepe, blou wiele, blou paisley-ontwerpe op 'n blou agtergrond. Met ander woorde: dra sover moontlik wat jy wil, as jy kan!

## Dankbetuiging

Geagte redakteur, Namens my medestudente wil ek die dosente hartlik bedank dat hulle die Karnavalweek „versuur" het met hope toetse. Op hierdie manier word ons in staat gestel om nie so baie geld vir die Studentesentrum in te samel dat dit dalk noual gebou kan word nie. Nee, „die studentesentrum hoort in die verskiet en die student by sy boek", sê die proffies. Of sou dit wees dat die dosente dalk alleen wil Karnaval hou?

Dubbel suur.

## P.U.-hartman keer terug

DIE direkteur van die Instituut vir Fisiologiese Navorsing, prof. P. J. Pretorius, het onlangs teruggekeer van die V.S.A., waar hy sedert September verlede jaar by die hartnavorsingsinstituut van die Universiteit van Kalifornië gestudeer en navorsing gedoen het. Dit is moontlik gemaak deur 'n toekenning van die Amerikaanse departement van gesondheid.

Prof. Pretorius se werk het hoofsaaklik gehandel oor hartkontrak-aktiwiteite. Dit skakel nòù met die krag van die hart. Chemiese veranderinge vind in die hart plaas, soos die vrystelling en opname van kalsium. Die hart verander van vorm om die bloed te laat sirkuleer. Die hart is ook 'n elektriese generator. Verskillende dergelike verskynsels geniet nog aandag.

Die P.U. het sommige van die basiese apparate wat benodig word vir sodanige navorsing maar dit sal soos benodig aangevul word sodat die navorsing plaaslik voortgesit kan word.

T. G. KRÜGER EN SEUN
Tel. 6544 — Na ure 6543 — Kerkstraat 98 — Potchefstroom
EIENDOMSAGENT
*Vir verkoop van*
★ HUISE ★ PLASE ★ PLOTTE ★ ENS.
Lenings gereël

SKOEN- EN FIETSREPARASIES
★ EN FLINKE DIENS
★ VIR ALLE STUDENTE BENODIGDHEDE
HUIS EN TUIN
(Langs Volkskas op die Bult)
★ ALLE BATTERYE WORD OOK GETOETS

PARADISE RESTAURANT
● Dié kafee op Die Bult . . .
● dié kafee waar studente hul koeldrankie drink,
● EN SNOEKER SPEEL!
BESTELLINGS VAN DAMESKOSHUISE WORD AFGELEWER
●
Tomstraat 86 Tel. 5474

# JONG VRYSTATERS SING

**DIE VYF JAAR OUE Vrystaatse Jeugkoor, onder leiding van mnr. Dirkie de Villiers, tree vanaand in die Totiussaal op. Die koor sing in verskeie Europese tale, sowel as in Latyn en 'n paar Bantoetale. Vanjaar se program sluit ook die Sewe Boerneefliedjies, getoonset deur prof. Pieter de Villiers van die P.U. vir C.H.O., in.**

Gedurende April 1969 het die Jeugkoor deur die Vrystaat getoer. Op die oomblik reis hulle deur Transvaal, en beplan om Juliemaand na Suidwes-Afrika te gaan.

Dit is vanjaar die eerste maal dat hierdie gedagte van die Vrystaat deur 'n ander provinsie nagevolg word. In September tree die Vrystaatse Jeugkoor dan ook saam met die nuut gestigte Natalse Jeugkoor op.

Een van die doelstellings van die Vrystaatse Jeugkoor, is om die jong kinders op te lei om later in volwasse kore op te tree. Die begeleiding word waargeneem deur een van die koorlede, Johan Oberholzer, 'n matriekleerling van Bethlehem.

Die koor maak ook elke jaar 'n plaat, wat groot byval by die publiek vind en baie goed verkoop. Daar bestaan verder die moontlikheid dat die Jeugkoor van 1970 'n toer na Switserland sal onderneem.

Hulle program wissel van swaar klassieke musiek tot ligte en bekende liedjies. Daar is ook van die liedjies wat deur prof. Cillié van Stellenbosch getoonset is, asook eie verwerkings deur mnre. T. van Huysteen en De Villiers.

## Larney ondervoorsitter

MNR. TOM LARNEY, sekretaris van die P.U.-studenteraad, is tot onder-voorsitter van die Afrikaanse Studentepers-unie verkies op 'n onlangse konferensie van dié liggaam. Hy was voorheen sekretaris van A.S.P.U. en ook hoofredakteur van Die Wapad in 1968.



Mnr. Tom Larney

# BESEMBOS NIE GEDENKBOEK – REDAKTEUR

**WERK AAN DIE BESEMBOS vir 1969 het reeds begin en die redaksie hoop om die blad vroeg in Oktober, saam met die hoogtepunt van die eeufees, gereed te hê vir verspreiding. Só het mnr. Tom Larney, redakteur van dié blad, in 'n onderhoud met Die Wapad gesê.**

Volgens mnr. Larney sal Die Besembos vanjaar basies dieselfde patroon hê as die uitgawe van verlede jaar. Soos in die verlede word 'n groot gedeelte van die blad weer afgestaan aan groepfoto's en kennisgewings in dié verband is reeds uitgestuur.

Wat betref die artikels in die blad, het mnr. Larney gesê dat 'n aantal persone reeds genader is vir bydraes oor hul vakgebiede. „Dit beteken natuurlik glad nie dat ons nie vrywillige bydraes sal oorweeg vir plasing nie", het hy gesê. Sulke bydraes, artikels of andersins, kan in Die Besembos se bussie voor die Studenteraadskantoor geplaas word.

### Beroep

Vanjaar se uitgawe sal nie 'n eeufeesuitgawe wees nie. „Ons gaan van die standpunt uit dat daar genoeg gedenkboeke in dié verband verskyn. Wel word daar deur middel van die tema, wat vanjaar ‚Vernuwing' is, gepoog om die eeufees tot sy reg te laat kom. Daar sal 'n artikel wees wat die eeufees in perspektief stel, maar ons beplan geen geskiedenisboek nie", het hy benadruk.

Mnr. Larney het 'n beroep gedoen op alle Pukke om saam te werk om vanjaar se uitgawe 'n sukses te maak. „As die redaksie vanjaar weer tot 'n maand na die sluitingsdatum moet wag voordat al die foto's geneem is, en as honderde eksemplare weer onverkoop gaan bly, gaan dit voorwaar teleurstellend wees".

„Die Besembos was in die verlede 'n sieraad tussen die ander universiteitsjaarblaaie, en die redaksie hoop om in lyn met hierdie tradisie vanjaar 'n blad te publiseer waarop alle Pukke trots sal wees", het hy gesê.


## BOERNEEFAAND

- ***Hulde aan die skrywer-digter***
- ***Voordrag en sang van Boerneef-gedigte en -prosa***

**Toegang: Vry**

**(Slegs vrywillige kollekte vir die teaterfonds)**

Geen plekbespreking

- **Donderdag 24 April om 7.30 nm. in die Mooirivierskoolsaal en**

**Vrydag 25 April om 7.30 nm. in die saal van die Hoër Volkskool**



**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

★ **BOEKE VIR STUDIE EN ONTSPANNING**

Nou OOK

**'n wye keuse vir**

★ **PLATE**

by

**PRO REGE-PERS BEPERK**

**„DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL"**

**Tomstraat — Telefoon 3421 — Potchefstroom.**


# *Perkamentpraatjies*

## Vissershuis en Champs Elyssees

DIE laaste hoofstuk sluit met 'n punt. Met D. F. Malherbe se dood maak ons finaal die boek toe op 'n generasie. Sy werklikheid het reeds vir ons literatuurgeskiedenis geword.

En na sy dood kon daar van hom gesê word: „ware heer", „fyn mens", „kerkman . . ."

Minagtend, selfs geringskattend — so het dit mode geword om van sy werk te praat. Die drie Hertzogpryse wat hy ontvang het, swyg.

Dekorverandering. Die literêre soeklig beweeg dertig jaar aan. Sestiger: Kerkman? Taalstryder? Medewerker aan woordeboek? Lokale gegewe wat groot kuns word?

Die groot roman moet nou in die buiteland gesitueer wees. Die waarheid is te vinde waar die welgeskape bene van parisiennes verby straatkafees met sonsambrele en kosgeure trippel. Dit moet êrens verborge wees in die nou stegies met vuilgoedblikke en donker meisietjies wat stil saam met mans verdwyn. Dalk spreek iemand die waarheid uit in die nagtelike gesprekke van vurige bebaarde kunstenaars, skraal aan talent en geld, in 'n dakkamer tussen vuil skottelgoed en die reuk van terpentyn.

Kan ons romankuns slegs tot wêreldgehalte styg as die skaduwee van die Eiffeltoring daaroor val? Moet ons met die „metro" die pad na ontsterflike kuns aflê?

Dostojevsky het van eietydse probleme en die genadelose velde van Rusland gebruik gemaak as stof vir sy ontsterflike romans. So was dit met die meerderheid skrywers in die wêreldletterkunde.

Het Van Wyk Louw ons nie dalk 'n onguns bewys met sy pleidooi dat die romankuns weg moet beweeg van die lokale nie?

## Taalhêrrie

emigrant maar immigrant

Wees konsekwent:

eenkant en anderkant

een kant en ander kant

Wallieser of Wallisser

Di.: Dinsdag

di.: domini

d.i.: dit is.

# *Ontmoet...*



GERT N. VAN DEN BERGH, senior lektor in die Departement Geskiedenis aan die P.U. Behalwe hierdie „belangstelling" is hy ook nog 'n avontuurlustige reisiger, navorser, grafiese kunstenaar, fotograaf, musiekliefhebber, versamelaar van oudhede, orator en 'n trotse vader.

Hy het sy akademiese loopbaan in 1951 aan die Potchefstroomse Universiteit begin en in 1953, 1954 en 1955 onderskeidelik die B.A., U.O.D. en Honns.-B.A. verwerf. Nadat hy dosent was by Unisa, die U.O.V.S., die Universiteitskollege van Zoeloeland en dié van die Noorde naby Pietersburg, vestig die Van den Berghs hulle in 1967 op Potchefstroom in 'n huis wat mnr. Van den Bergh self ontwerp het.

In 1963 het Gert van den Bergh sy eerste besoek aan Europa gebring. Drie maande lank het hy hom besig gehou met intensiewe navorsing in argiewe in Londen. In 1965 is hy weer na Europa en aan die einde van 1968 was mnr. en mev. Van den Bergh die toerouers van 'n Geskiedenis-studiegroep wat onder meer België, Nederland, Duitsland, Oostenryk, Switserland, Italië, Frankryk en Brittanje besoek het.

Elke keer wanneer mnr. Van den Bergh Europa besoek, bring hy 'n paar skilderye en sketse saam wat tot sy waardevolle versameling gevoeg word. Gert van den Bergh is ook 'n kunstenaar in sy eie reg. Hy stel veral belang in houtsneewerk en pensketse.

Mnr. Van den Bergh is ook 'n kranige fotograaf en daarby ook 'n versamelaar van sonderlinge plaatopnames en kosbare oudhede, soos die marmerbrokstukke van 'n Romeinse kapiteel.

Gedurende sy studiejare het Gert van den Bergh hom verder onderskei as die komponis van verskeie studenteliedjies, waarvan hy ook die woorde geskryf het.

Gert het sy vrou, Petro van der Walt, in 1955 ontmoet terwyl sy 'n B.A.-student in Geskiedenis aan die P.U. was. Vandag is hulle die ouers van drie lewenslustige kinders. Atna (4), Jaco (7) en Nelra (9).

Op 'n laaste vraag wat hy as sy kosbaarste besitting beskou, het mnr. Van den Bergh onomwonde geantwoord: „My vrou".

# Skoolkinders verkeer akademies

**DIT HET gewemel van skoolkinders op die P.U.-kampus toe sowat 2000 hoërskoolleerlinge van 52 hoërskole uit Transvaal, Noord-Kaapland en die Bo-Vrystaat die Potchefstroomse Universiteit op 15 en 19 April besoek het.**

Die saamtrek van hoërskoolleerlinge het saamgeval met die eeufeesvierings van die Universiteit en aantreklike programme is vir die leerlinge by vier fakulteite gereël.

In sy boodskap aan die leerlinge het die Rektor, prof. H. J. J. Bingle, gewys op die verantwoordelikheid wat hulle het om verantwoording te doen van hulle potensiaal en talente teenoor hulleself, teenoor ons land en teenoor God wat dit aan hulle geskenk het.

Opstelwedstryde is deur die fakulteite Opvoedkunde en Ekonomiese Wetenskappe gereël waaruit altesaam vier wenners gekies en 'n prysgeld van R100 elk oorhandig is. Die wenners by die fakulteit Ekonomiese Wetenskappe was mej. Susan Fourie van Volkskool, Potchefstroom, en mnr. V. Barrow van Boys' High School, Potchefstroom. Mej. Fourie het geskryf oor die sakelewe as loopbaan en mnr. Barrow oor die aandeel van die Afrikaanse gemeenskap in die handel. Die kontantpryse is geskenk deur die Afrikaanse Handelsinstituut.

Die wenners by die fakulteit Opvoedkunde was mnr. P. J. C. Barnado van die Hoërskool Brits en mej. Isabel Terblanche van die Hoër Landbouskool Genl. Koos de la Rey, Sannieshof. Albei het geskryf oor die onderwerp: „Ons volk het goeie onderwysers nodig".

Grepe uit die program wat aan die leerlinge gebied is, is 'n praatjie en film oor die Effektebeurs, 'n voorstelling van personeelkeuring, 'n skynhofsitting, onderrig deur middel van die taallaboratorium en die rol van die onderwyser in die fiksheid van 'n volk.

Die tema van die program van die fakulteit Lettere en Wysbegeerte was „ons en die wêreld van 1969". Onder die onderwerpe was die Afrikaanse letterkunde as spieëlbeeld van die na-oorlogse wêreld, eietydse musiek met illustrasies, behandeling van spraakgebreke, moderne kommunikasiemedia, die Republiek in internasionale verband en die behoud van ons Westerse erfenis.

# KORPS MOET BEHOUDENDE ELEMENT WEES

**Geagte redakteur,**

**EEN besondere karaktertrek van KORPS se feesviering is dat van KORPS 'n intensiewer en meer fundamentele selfondersoek as noodsaaklike alledaagse geverg word.**

Gedurig moet die debiete en krediete van 'n liggaam soos KORPS teen mekaar opgeweeg word. Die vinger moet op die polsslag van die studentegemeenskap gehou word om vas te stel wat die behoeftes op die terrein van KORPS is. Uit hoofde hiervan kan daar dan 'n waardebepaling gedoen word. By hierdie feesviering gaan die ondersoek egter dieper: KORPS moet tot in die wortel oopgekloof word en sy verband met die studentegemeenskap — onder wie hy die saak van die Calvinisme moet bevorder — moet baie deeglik ondersoek word.

By 'n vergadering daag daar sestig uit 'n moontlike drieduisend studente by die vergadering op. („Ons woon nie meer KORPS-vergaderings by nie: ons het ons kleurbaadjies." Weg met KORPS as hoofliggaam van die S.R.: hy is net nog 'n struikelblok in die verwerwing van 'n kleurpunt!)

Waar lê die fout? Lê dit by die kleurpuntstelsel? Lê dit by KORPS . . . of lê dit by onsself? Oor die eerste twee moontlikhede bestaan daar heelwat eenstemmigheid. Die laaste is vir ons bitter om te erken.

Enige samelewingsverband vereis 'n behoudende element om dekadensie te voorkom. So ook 'n studentegemeenskap. Kuns en kultuur, politiek, ontspanning en sport is noodsaaklik. Besinning is lewensbelangrik. KORPS moet die behoudende element in die studentegemeenskap van die Puk wees en die studentegemeenskap van die Puk moet ook die behoudende element in die samelewing daarbuite wees.

KORPS moet die Puk-student leiding gee in die positivering van „In U Lig" op alle fronte. Is hierdie leiding buite die mure van die lesinglokaal nog wel nodig? Definieer ons studentelewe slegs met ons slepie, swot, sport(s) en daarmee gedaan? Wat van 'n eie taak wat aan ons oorgelaat is?

Saam met die Puk-student moet KORPS die toekoms in. Hy moet die helder stem van die „veritas" voor hom uitdra. Met die ywer en toewyding, maar ook die gesonde kritiek van die Puk-student, moet KORPS wyer en wyer uitgebou word. Hy moet die studentegemeenskap help om die oog opwaarts na die waarheid te rig.

Die uitdaging van 1894 het nog nie verjaar nie. Daarom is die leuse van KORPS van 1894 éérs 'n uitdaging: Laat die waarheid oorwin!

Aanvaar ons dit . . . kleurbaadjie-onthalwe?

**Korpsbesield**




## Navrae oor vrugtefees

Geagte redakteur,

Ek wil graag inligting bekom waarby ek as 'n inwoner van Potchefstroom moontlik belang mag hê. Ek is daarvan oortuig dat die voorsitter van die A.O.B. dit geredelik deur middel van Die Wapad sal verstrek. Ek verneem dus beleefd van hom:

- Word die jaarlikse vrugtefees „In U Lig" gevier?
- Watter bedrag is vanjaar daarvoor begroot?
- Rym dit?

Hoogagtend,
L. Dekker.

**Antwoord**

*Die voorsitter van die A.O.B., mnr. Kobus van der Walt, het in 'n onderhoud met Die Wapad gesê dat ons studente die P.U. vir C.H.O. se leuse „In U Lig" bely en dienooreenkomstig by die vrugtefees opgetree het.*

*In antwoord op die tweede vraag het mnr. Van der Walt gesê dat 'n driesyferbedrag begroot is vir die fees.*

*Op die derde vraag het mnr. Van der Walt geantwoord dat die vrugte vir die fees wettiglik bekom word, as dit is waarop die skrywer mik. Dié vraag is egter vatbaar vir verskillende interpretasies.*

## Retoriek floreer

TYDENS die derde vergadering van die Retoriese vereniging Maandagaand is 'n hele aantal onderwerpe bespreek. Die besprekings was meestal van hoogstaande gehalte en daar is beslis heelwat retoriese talent op die Puk.

Die onvoorbereide toesprake het verbasende talente vir improvisasie getoon.

Dr. R. Smit was weer eens behulpsaam met raad en opbouende kritiek.

A. VORSTER APTEEK
Octron-gebou
Lombardstraat
VIR VINNIGE AFLEWERING
SKAKEL 7074

## LUDI SPECIES

DEUR VENATOR

Dagsê, sportmanne en sportvroue, Hoe gaan dit met die oefenry na die vakansies? Snaaks hoe onfiks mens kan word binne die bestek van so 'n kort tyd. Die rugby-manne se asems blaas ook nog maar hard. Mens hoor dikwels die stelling dat rugby oor 'n paar jaar nie meer ons nasionale sport gaan wees nie. Die substitute wat genoem word is krieket, tennis en sokker. Ek glo nie dit is moontlik dat enige sportsoort ooit rugby se plek kan inneem nie.

Die geskiedenis toon aan ons dat ons 'n rugbyspelende volk is. Verder is rugby die sportsoort wat aan die toeskouer die meeste aksie binne die bestek van ± 80 min. gee. Die toeskouer leef hom heeltemal in die wedstryd in. Vir die speler is daar die feit dat hy hom self kan uitleef en dat hy saam met 14 ander spelers speel. Daarom speel baie soms net vir die sosiale.

'n Ruk gelede was daar die uitdrukking dat as jy 'n goeie rugbyspeler is, die paadjie vir jou ooplê vorentoe. Dit is egter vandag nie net van toepassing op rugby nie, maar op alle sportsoorte. As jy 'n goeie atleet is, is dit verbasend om te sien hoe maklik andere die paadjie vir jou maak.

Dit bring my by ons Universiteit se sportbeleid: Die beleid is al baie aangeprys, maar dit moes ook al baie kritiek, selfs van ons eie kampus af verduur. Aan diegene wil ons net sê: as die mense die talent het, moet hulle dit ontwikkel, en dit is beter dat hulle dit in ons eie land doen, as wat hulle buite ons grense gaan, en ontwikkel in Politieke pionne.

Sports, Venator.

## Florna

FLORNA se kampe en uitstappies raak só gewild dat besluit is om vir elke aksie twee deelnemerspryse te vra: 'n bedrag vir lede en 'n hoër bedrag vir nie-lede.

Al die persone wat verlede jaar aan die aksies van Florna deelgeneem het, kry 'n gratis ledekaart vir 1969 omdat hulle die bouers van Florna is. Vir nuwe lede is die ledegeld slegs 30c vir 1969, tesame met 'n eenmalige intree-fooi van 10c om die hoofliggame se onkoste gedeeltelik te dek.

GEE 'N MAN
'N LUCKY!




VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA EN RHODESIË

# Puk-atlete toon hul staal

**PUK-ATLETE het gedurende die afgelope vakansie landswyd — op die nasionale atletiekkampioenskappe in Kaapstad en Port Elizabeth en op die byeenkoms van kampioene op Krugersdorp — hulle ware kleure getoon. Vier goue medaljes is tydens die nasionale atletiekkampioenskappe verower en tien Pukke is uitgenooi om aan die Suid-Afrikaanse Spele in Bloemfontein deel te neem.**

Johan Hunter, puik driesprongatleet uit Natal, het 'n goue medalje tydens die Suid-Afrikaanse juniorkampioenskappe in Kaapstad verower en daarmee ook 'n Westelike Provinsie-rekord in die driesprong opgestel met 'n pragafstand van 47 voet — die beste poging van sy loopbaan. 'n Week later het hy hierdie afstand verbeter tot 48 voet 7 duim tydens die S.A. seniorkampioenskappe in Port Elizabeth. Dit het aan hom 'n silwer medalje besorg.

'n Ander jong atleet wat goed presteer het, is S. van der Walt, wat 'n tweede plek in die 10 meter-hekkies verower het met 'n belowende tyd van 14.8 sek.

### Seniorkampioenskappe

Fanie van Zijl, Springbokatleet van die Puk, het uitgeblink op die S.A.-kampioenskappe met twee fyn berekende wedlope. Op die eerste dag van die kampioenskappe het Van Zijl met die Nieu-Seelandse Olimpiese ster in die 5000 meter-wedloop 'n kat-en-muis wedloop te uitoorlê. Op die tweede dag van die kampioenskappe het hy ook met John Whetton van Brittanje, wat 'n vyfde plek op die Olimpiese Spele verower het, klaargespeel.

Whetton se eindtyd was 3 min. 48.4 sek., teenoor die 3 min. 48 sek. van Van Zijl en 3 min. 51.9 sek. van Müldner. Müldner het hier ook die beste tyd van sy loopbaan aangeteken. In dieselfde wedloop het 'n ander belowende Puk-atleet, Petrus Laubscher, 'n vyfde plek verower met ook sý beste poging van 3 min. 53.4 sek.

### Spannende wedloop

Een van die senutergendste wedlope was tussen titelhouer Willie Coetzee en die Brit Alan Pascoe in die 110 meter hekkies. Pascoe, 'n atleet van Olimpiese faam, het oor die eerste paar hekkies 'n effense voorsprong op Coetzee opgebou, maar Coetzee, met sy groter vaart het die Brit van agter ingehardloop en hom met duime geklop. Albei se tyd was 14 sek., .2 sek. buite Coetzee se S.A. rekord.

Tydens die byeenkoms van kampioene op Krugersdorp was dit weer Coetzee en Pascoe. Eers met die laaste hekkie, toe Pascoe 'n hekkie raaktrap, het Coetzee hom kon afskud. Albei se tye was weer gelyk — 14.4 sek. Coetzee het die derde agtereenvolgende jaar sy titel oor die 110 meter-hekkies behou.

### Bea Marais

Bea Marais het andermaal getoon dat sy tans die beste 800 meter vroueatleet in Suid-Afrika is. Tydens die Eeufees-gedenkbyeenkoms wat onlangs op Potchefstroom gehou is, is Bea naelskraap deur Maria Gommers van Nederland geklop en het Bea haar beste tyd van 2 min. 7.8 sek. aangeteken.

In Port Elizabeth het sy weer teen Gommers en Sylvia Potts van Nieu-Seeland te staan gekom — albei atlete van Olimpiese faam. Hoewel goeie tye aangeteken is, kon Bea nie daarin slaag om dié meer ervare atlete te klop nie.

### Ander Puk-uitblinkers

Naelloper Willie van der Westhuizen behaal ook 'n reeks goeie tye: 10.7 sek. oor die 100 meter en 21.4 sek. oor die 200 meter. Etienne van Loggerenberg, 'n oud-Puk, het goed presteer tydens die seniorkampioenskappe. Hy behaal vyfde plek in die driesprong (47 vt. 5 dm.) en tweede plek in die verspring (24 vt. 3 dm.) Cecile Malan kom vyfde in die skyfwerp (141 vt. 10½ dm.).

Die tien Pukke wat genooi is om aan die Spele in Bloemfontein deel te neem is Willie Coetzee, Fanie van Zijl, Willie van der Westhuizen, George Müldner, Petrus Laubscher, Gawie van Eck, Johan Hunter, Cecile Malan, Bea Marais en S. van der Walt. Dawid Booysen het nog steeds las van 'n rugbesering.

## Trampolienbestuur gekies

DIE Trampolienklub het op hulle onlangse vergadering die volgende lede verkies op die bestuur: Kaptein: Izak Ferreira; kapteine: Rentia Kruger; penningmeester: Gary Köhn; en addisionele lede: Burgert van der Westhuizen en Marike Erasmus.


GOEIE KOS!
FLINKE DIENS!
u tevredenheid is ons PLESIER!

BAILIEPARK PADKAFEE

(Langs die Johannesburg-pad geleë).


Ons onderneem ook bestellings aan koshuise tot baie laat in die nag.

Tel. 6670



U kan u bande versool by . . .

GOLDEN WEST RETREADERS



'N VOLLEDIGE BANDEDIENS ONDER EEN DAK

Groot voorraad

★ NUWE en VERSOOLDE bande

Versoling nou ook verkrygbaar in die

★ GOODYEAR G 800 loopvlak

LOMBARDSTRAAT 37 — POTCHEFSTROOM

(Skakel 3297 vir betroubare diens en laagste pryse)




*Bea Marais met 'n eindpoging kort op die hakke van Maria Gommers van Nederland.*

# PUKKE BLINK OP S.A. SPELE

**OP DIE S.A. SPELE die naweek in Bloemfontein het die P.U.-studente weer eens hulle slag met atletiek gewys.**

Hoewel Fanie van Zijl nie aan die byeenkoms deelgeneem het nie, is hy en Willie Coetzee in die Springbokspan ingesluit. Fanie het blindedermontsteking opgedoen en kon gevolglik nie teen Whetton hardloop nie. Bea Marais was tweede in die 800 meter vir vroue.

J. Hunter, wat goed presteer het in die driesprong, is ingesluit in die junior Springbokspan.

Willie Coetzee het sy titel behou deur die 110 meter hekkies te wen in die tyd van 14.0 sek.; 'n goeie tyd wat net 0.1 sek. buite sy eie S.A.-rekord is. Die tyd van 14.0 sek. is 'n nuwe Vrystaatse rekord.

## O.20-toer aangenaam

DIE Puk se 0/20-span het die afgelope vakansie 'n toer deur Natal onderneem. Hulle het wedstryde teen Pietermaritzburg Universiteit, Natal Universiteit en die 0/20-span van Collegians gespeel. Hulle kon net daarin slaag om die 0/20-span van Collegians te wen. Die toer het in 'n baie aangename gees plaasgevind. Die spanbestuurders was oom Aap Henning en mnr. Schalk Hoogenboesem.

## Theos wen saai

DIE Theos het Saterdag in 'n saai wedstryd met min oplewing hul eerste wedstryd in die Neserbekerliga gewen. Western Reefs het vroeg in die wedstryd geslaag met twee strafskoppe en die Pukke moes spook om die agterstand in te haal. Na rustyd het daar 'n insinking in die spel van die Pukke gekom en die agterstand van 9—8 het lank op die telbord gebly. Nadat Piet Bruwer met 'n strafskop geslaag het, het die Pukke weer moed geskep en die punte begin opstapel. Die voorsprong van 24—9 teen Western Reefs kon egter nie behou word nie aangesien die spelers na die vakansie nie fiks genoeg was nie, en Theos moes tevrede wees met 'n oorwinning van 24—17.

Alhoewel 'n oorwinning in hierdie stadium van die seisoen van groot betekenis is, sal 'n mens graag 'n Theos-span wil sien wat meer vuur en inisiatief aan die dag lê. Die groot probleem het in die lynstane gelê, waar die afwesigheid van Piet Brand, wat vir die Gaselle gespeel het, gevoel is.

# MAKOUVLEI EN KOMPLEKS GELYKOP

**IN 'N HARDE wedstryd in die koshuisliga het Makouvlei en Kompleks verlede Saterdag die louere gedeel. Die wedstryd is bemoeilik deur 'n sterk wind.**

Makouvlei het eerste punte aangeteken toe Jaap Malan die bal agter Kompleks se doellyn toegeval het. Kompleks het na rustyd geantwoord met 'n strafskop deur Freddie Baird.

'n Kenmerk van die wedstryd was die wyse waarop die gevaarlike agterlyn van Kompleks aan bande gelê is deur hulle teenstanders. Veral Charles Simpson en Phillip Schlebusch het rotsvas verdedig.

Vir Kompleks het Freddie Baird 'n skitterende wedstryd gespeel, terwyl Johan Dreyer ook goed vertoon het. Jaap Malan, Kobus Kotzé en Stanley Baard van Makouvlei het goed gespeel.

In twee ander wedstryde in die A-liga het Dorp vir Hombre oortuigend geklop met 15—9, terwyl Izak Meyer 'n weghardloop oorwinning oor Landboukollege behaal het.

Volgens 'n besluit van die rugbybestuur neem Here XVII, Izak Meyer en Landboukollege vanjaar op 'n vriendskaplike basis deel aan die Puk se koshuisliga. Izak Meyer het Saterdag getoon dat hulle moeilik deur een van die Puk se spanne, Dorp, Hombré, Kompleks, Liberalia, Makouvlei en Over de Voor geklop sal word. Eerskomende Saterdag se wedstryd tussen Liberalia en Izak Meyer behoort baie interessant te verloop.

In die B-koshuisliga is daar vanjaar ses spanne: Dorp B, Drakenstein, Kompleks B, Liberalia B, Makouvlei B en Over de Voor B. Verlede Saterdag het Drakenstein vir Kompleks B 19—3 geklop, terwyl Dorp B vir Makouvlei B 11—6 onder die stof geloop het.

## Korfbal

DIE tellings in die interkoshuiskorfballigawedstryde, wat verlede kwartaal gespeel is, is soos volg:

Klawerhof vs. Karlien — — 65—22
Piet Groblerhuis vs. De Klerkhuis — — — 54—3

*DIE WAPAD word gedruk vir die eienaars en uitgewers, die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O. deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom. Tel. 3245.*


„Vleispasteitjies met tamatiesous, asseblief . . ."

Turkstra BAKKERY

ook te kry by u kafeteria